'n Nuwe *jy*

In die wolke. Dís hoe *Christa Bosch* gevoel het ná sy 'n mooimaaksessie deur Madelein Greyling, senior konsultant by **Chata Romano**, en haar fantastiese span gewen het.

VOOR

So het die mooimaakspan Christa se voorkoms verander:

HARE: Christa se hare is pragtig, maar te vol en dik vir haar smal gesig. 'n Gladde, nuwe haarstyl is gekies om haar ovaalvormige gesig en fyn gelaatstrekke te komplimenteer. Koper en bruin vlei Christa se warm velkleur en beklemtoon haar pragtige groen oë.

GRIMERING: Onderlaag in 'n warmer skakering pas beter by Christa se velkleur. Goudbruin oogskadu is op haar ooglede gebruik. Donker oogomlyner is perfek vir Christa se groot, ronde oë, maar vermy liefs baie oogomlyner om klein oë. Dit sal dit net nog kleiner laat lyk. Die koper lipstiffie pas by Christa se velkleur en klere.

KLERE: 'n Metaalkleurige baadjie vlei Christa se velkleur. Haar voorkoms is modern, maar tog klassiek – net reg vir haar korporatiewe leefstyl. Die baadjie is veelsydig en kan formeel (soos op die foto regs) of informeel met 'n T-hemp en denim gedra word.

Die mooimaaksessie is gedoen deur
Madelein Greyling, senior konsultant by Chata Romano ☎ 083 660 1274 of pss@tiscali.co.za
Vir meer inligting kontak
CHATA ROMANO
e-pos info@chataromano.com
webwerf www.chataromano.com

"Dit was die opwindendste dag van my lewe. Die verandering is verstommend en die komplimente wat ek kry oorweldigend. Ek is 38, maar almal sê ek lyk nou soveel jonger! Julle het my laat besef dat enigiemand danksy die regte raad beter kan lyk."

– *Christa Bosch*

Fotos: Lucinda du Toit van Photographic D'Art ☎ 083 234 0289 Hare: Will Breedt van Divas & James Hair Studio ☎ 012 460 8851 Grimering: Lindie van den Heever van Advanced Makeup Studio ☎ 072 537 5092